

# Dankbare mense dien die Here



**Skrifgedeelte: Josua 22:1-8**

**Fokusgedeelte: Josua 22:5**

Ná al die oorloë teen die volke wat in Kanaän gewoon het, het Israel uiteindelik daar gevestig. Die stamme Ruben, Gad en die een helfte van die Manasse-stam het reeds hulle grondgebied aan die oostekant van die Jordaan gekry, maar die weerbare manne van hierdie stamme moes eers die ander nege en 'n half stamme help om die land wes van die Jordaan te verower. Ná die suksesvolle inname word die weerbare manne nou na hulle gebied oos van die Jordaan teruggestuur.

Nou is dit al 'n hele paar jaar later. Die Here het rus en vrede in die land gegee. Josua was teen hierdie tyd al baie oud. Die dag van sy afsterwe was nie meer ver nie. En nou – voor hy sterf – roep hy hierdie stamme (Ruben, Gad en een helfte van Manasse) bymekaar om hulle vir oulaas op te skerp en

te vermaan: “Sorg net dat julle die gebod en die wet wat Moses die dienaar van die Here julle opgelê het, getrou onderhou, naamlik om die Here julle God lief te hê en volgens sy wil te lewe, sy gebooie te onderhou, aan Hom getrou te bly en Hom met julle hele hart en siel te dien” (vs 5).

Met hierdie woorde sê Josua: God het Hom aan ons verbind. Hy het hierdie land aan ons gegee soos Hy lankal beloof het. Die hoogtepunt sien ons daarin dat God sy eie Seun geoffer het, sodat Hy vir ewig ons God sal wees. Dat ons die nuwe aarde sal beërf. Ons kant van hierdie verbond (verbintenis) is om Hom nou lief te hê en te dien met ons hele hart. Dit pas by mense wat werklik dankbaar is.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: P13